

Gereformeerde Kerk Bellville – 20 Maart 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 17-2:1, 2, 3, 4 (18:1, 2, 3, 4)

- 1 Ek loof U, Vader, groot van mag, / dat U die dinge, diep en swaar,
vir wêreldwyse onbekend, / aan kindertjies wou openbaar.
- 2 Ja, Vader, dis u guns alleen, / die guns van al wat dwang is, vry,
waardeur ook alle dinge saam / al oorgelewer is aan My.
- 3 Wie kan die Seun ooit ken, as net / die Vader, met Hom wesens-eeen?
of wie die ewige Vader ken, / as net die Seun, net Hy alleen?
- 4 Wie kan die ewige Wese ken, / so diep en ontoeganklik klaar?...
Alleen die mens aan wie die Seun, / die heilgeheim wil openbaar.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 138:1, 2 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die gode in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
- 2 Hoe hoog is nou in elke oord / u Naam en woord omhoog gehewe!
U het my siel, op sy gebed, / verhoor, gered, my laat herlewe.
Die wêreldvorste sal, o HEER, / u grootheid eer in hoë tone,
wanneer u woorde word gehoor / en aansweef oor hul wank'le trone.

Gebed

Psalm 50:1, 11 (p. 254) (Tweede melodie)

Psalm 50:1 (p. 253)

- 1 Die grote God, die HERE spreek! / Hy roep, Hy daag die aard', van waar
die son in goudglans uit kom breek / tot waar hy sterwend neer sal vaar.
Uit Sion, sonder voorbeeld skoon, / sprei God sy ligglans ver ten toon.
- 11 "Hy wat sy dank My offer met / 'n hart gestem tot lof en prys,
wat op sy weg en wandel let – / hý is dit wat My eer bewys.
En, daar hy op my guns vertrou, / sal hy met vreug my heil aanskou."

Skriflesing: Lukas 8:4-15; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3 en 4, Artikel 9

Kernvers: Lukas 8:12-14

Dié langs die pad is die hoorders. Daarna kom die duiwel en neem die woord uit hul harte weg, sodat hulle nie sou glo en gered word nie. En dié op die rots is hulle wat die woord met blydschap ontvang wanneer hulle dit hoor; en hulle het geen wortel nie, aangesien hulle net vir 'n tyd glo, en in die tyd van versoeking val hulle af. En wat in die dorings geval het – dit is die wat gehoor het, en hulle gaan weg en word verstik deur die sorge en rykdom en genietinge van die lewe en dra geen ryp vrug nie.

(Lukas 8:12-14 AFR53)

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 3 en 4, Artikel 9

Baie mense wat deur die bediening van die evangelie geroep is, kom nie na Hom toe nie en bekeer hulle nie. Die skuld hiervoor lê nie in die evangelie of in Christus wat deur die evangelie aangebied is nie, ook nie in God, wat mense deur die evangelie roep en aan hulle verskillende gawes gee nie. Die skuld lê by die geroepenes self. Sommige neem deur sorgeloosheid die Woord van die lewe nie aan nie. Ander neem dit wel aan, maar nie in die binneste van hulle harte nie, met die gevolg dat hulle ná 'n kortstondige blydschap van die tydelike geloof weer terugval. Ander weer laat die saad van die Woord deur die dorings van die sorg en deur die welluste van die wêreld verstik en dra geen vrugte nie, soos ons Verlosser dit in die gelykenis van die saaiër leer (vgl. Matt 13).

'n Verduideliking by artikel 9

In artikel 8 bely ons met nadruk dat God in alle erns mense deur die evangelie roep. Die Here maak sy wil in alle erns in die Woord bekend: Mense moet na Hom toe kom. En aan hulle wat na Hom toe kom en glo, belowe Hy in alle erns rus vir hulle siele en die ewige lewe.

Nou gebeur dit dat baie mense wat so deur die bediening van die evangelie geroep word, nie na Hom toe kom en hulle bekeer nie. Dit is nie die eerste maal wat ons in hierdie belydenis oor hierdie toedrag van sake bely nie. In hoofstuk 1, artikel 4 en 5, en in hoofstuk 2, artikel 6, het ons dieselfde al gesê. Daar is mense wat nie die evangelie glo wanneer dit aan hulle verkondig word nie. Omdat hulle dit nie glo nie, kom hulle nie na God toe as Hy hulle roep nie en hulle bekeer hulle ook nie.

Soos ons in hierdie vorige artikels bely, sê ons hier weer dat die skuld vir hierdie mense se onwilligheid om na die Here te kom nie by die evangelie of in Christus of in God self lê nie. Die skuld lê by die geroepenes self.

In die res van die artikel bely ons aan die hand van die gelykenis van die saaiër hoe mense reageer wanneer hulle die evangelie van Christus hoor. Party mense steur hulle glad nie aan die evangelie nie. Ander het 'n kortstondige blydschap oor die evangelie, maar as gevolg van vervolging en verdrukking kom hulle ook nie verder as hierdie kortstondige blydschap nie. Nog ander laat toe dat die sorg en welluste die saad van die Woord verdring en dra ook geen vrugte van die geloof nie.

Tema: Nie almal wat God hoor roep kom na Hom toe en glo nie

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, alhoewel God almal aan wie Hy die evangelie van Christus laat verkondig in alle erns na Hom toe roep, reageer almal wat die roepstem hoor nie positief nie. In artikel 9 bely ons hoekom sommige mense die roepstem van God ignoreer of mettertyd verwerp.

Om die inhoud van hierdie artikel te begryp moet ons onthou dat daar nie so iets soos 'n groepsversekering is wanneer dit by geloof en verlossing kom nie. Niemand kan namens my op die roepstem van God antwoord nie. Elke mens wat die evangelie hoor is verantwoordelik om self in geloof op die roepstem te reageer. Dit is waar dat die sondeval veroorsaak het dat elke mens in sonde ontvang en gebore word en daarom geestelik dood is in die sonde. Tog hou God elke mens verantwoordelik vir sy eie optrede, daarom kan die sondeval nie 'n verskoning wees waarom 'n mens nie op die roepstem van God verantwoordelik reageer nie.

In hierdie baie bekende gelykenis leer die Heilige Gees ons om te verstaan hoekom dit gebeur dat 'n mens dit ook in die kerk sien dat mense met geesdrif hulle geloof in Christus bely, maar na 'n tyd heeltemal wegraak uit die gemeenskap van gelowiges uit. Of hoekom gebeur dit dat sommige mense hulle geloof met groot oorgawe bely, maar net nooit die gawes wat hulle ontvang het geesrifting gebruik nie. Ja, hulle is nog gereeld in die eredienste, maar dit is ook al waar hulle is, want as daar iets meer opwindend op 'n ander plek gebeur, bly hulle maklik uit die erediens weg.

Selfs op Jesus se eie prediking was daar hierdie verskillende reaksies. Jesus het hierdie gelykenis om twee redes vertel. Aan die een kant is dit 'n bemoediging vir die volgelinge van Christus en aan die ander kant is dit 'n waarskuwing vir elkeen wat die Woord van die Here hoor. Jesus se volgelinge – die apostels en ook alle ander gelowiges wat die Woord van God verkondig – moenie moedeloos word wanneer mense so verskillend reageer op die Woord van die Here nie. Die waarskuwing is nie bedoel dat 'n mens maar moet aanvaar dat mense se harte nie ontvanklik is vir die Woord en dit so sal bly nie. Die Heilige Gees is by magte om 'n verharde hart sag en ontvanklik te maak.

Broers, susters en kinders, kyk net eers na vers 4. Jesus se bediening was baie populêr. Mense het aanhoudend uit verskillende dorpe na Hom toe gestroom. Baie mense verwar die toestroming met vrugbare seën van die Here. As mense die kerk toestroom, moet 'n mens dit nie sommer dadelik as die seën van die Here verstaan nie. Jesus het geweet dat die toestroming van mense nie die seën van sy Vader was nie. Hy ken die mens se hart en Hy weet ook van die geweldige stryd wat daar is wanneer die evangelie verkondig word. Die duiwel staan altyd gereed om weg te raap wat gesaai is. Daarom het Jesus ook hierdie gelykenis vertel.

Saam met die dissipels kan ons vra waarom Jesus in gelykenisse preek wat die dissipels ook nie van die begin af verstaan het nie? Jesus verduidelik dit in vers 10:

Aan julle is dit gegee om die verborgenhede van die koninkryk van God te ken; maar aan die ander deur gelykenisse, sodat hulle, terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor, nie verstaan nie. (Lukas 8:10 AFR53)

Met die gelykenisse word die waarheid aan diegene geopenbaar wat geestelik ontvanklik is. En vir hulle wat geestelik nie ontvanklik is nie, bly die waarheid verborge. Die gelykenisse bly vir laasgenoemdes net 'n mooi storie, soos die Bybel vir baie mense vandag ook net mooi verhaaltjies is.

Hierdie laaste woorde van Jesus laat ons met 'n groot vraagstuk. Eintlik is dit 'n misterie wat ons nie ten volle kan begryp nie. God skenk verlossing net aan die uitverkorenes, maar sondaars wat in hulle sonde volhard bly ten volle verantwoordelik vir hulle ongehoorsaamheid en ongeloof aan die Woord van die Here. In sy vrymag skenk die Here aan die dissipels insig in die koninkryk van God. Niemand kan dus roem in sy eie insig wanneer dit by geloof-sake kom nie. Net God gee begrip, maar Hy gee dit nie aan almal nie. Is God onregverdig? Nee, glad nie. Die mens het homself in sy sondedoodheid gestort. Hy is daarom self ver-antwoordelik vir sy selfsug en hardhorendheid. Tog bewys die Here genade dat Hy ook hierdie hardhorendes in alle erns deur die evangelie roep.

Jesus het die gelykenis van die saaiër verduidelik toe hulle alleen was. Enkele opmerkings aangaande die saad, die saaiër en die grond wat Jesus ook verduidelik. Ons verstaan tog maklik dat die saad die Woord van God is. Selfs die woorde wat Jesus gespreek het, het Hy nie uit sy eie gepraat nie. Hy het net gesê wat sy Vader vir Hom gesê het (Joh 12:49-50). Die apostels en ander mense wat deur die Heilige Gees gebruik is om die Woord van

God op skrif te stel, het nie uit hulle eie gepraat nie. Hulle is deur die Heilige Gees geïnspireer om neer te skryf wat God wil openbaar.

Net soos wat saad die lewe in homself het, so is die Woord van God ook lewendig en daarmee kan die Heilige Gees lewe in 'n geestelike dooie hart opwek. Soos wat saad wat ontkiem het, kragtig genoeg is om stene op te lig, net so kragtig is die Woord van die Here om 'n harde sondehart oop te breek en te verander. Soos wat saad 'n boom kan voortbring met vrugte aan met baie saad daarin, net so kan die Woord veroorsaak dat 'n mens wat nuut gemaak is vrugte dra.

Wanneer gelowiges dan met ander mense oor Jesus Christus praat, moet hulle die inhoud van die evangelie in die Woord aan hulle oordra. Mense moet weet wie Jesus Christus is en dat Hy die Seun van God is wat mens geword het om aan die kruis vir mense se sondes te sterf. Die eenvoudige waarheid van God se blye boodskap moet verkondig word, anders sal mense nie weet waarom hulle nou regtig in Jesus Christus moet glo nie.

Die saaiër in die gelykenis is in die eerste plek Jesus self. En elkeen wat die evangelie van Christus aan ander vertel, is 'n saaiër in diens van Christus. Alhoewel Jesus geweet het dat baie mense nie gelowig op die Woord gaan reageer nie, het Hy voortgegaan om te saai. Elkeen wat teleurstelling beleef omdat baie mense uit die staanspoor niks van die evangelie wil weet nie of wat oppervlakkig op die evangelie reageer, moenie oor die teleurstelling ophou om die evangelie te verkondig nie. Hou daarmee aan in die geloof, want die Here het self belowe dat sy Woord nooit leeg tot Hom sal terugkeer nie (Jes 55:10-11). Dit is die Heilige Gees wat die lewe in dooie sondehartes sal opwek – nie gelowiges wat saai nie.

Alhoewel die saad kragtig is, moet die grond waarin die saad val goed voorberei wees om uiteindelik 'n oes op te lewer. Wanneer Jesus sê dat elkeen wat ore het en kan hoor, moet luister (Luk 8:8), spoor Hy die mense aan wat na Hom luister om hulle eie harte te ondersoek. Is hulle harte gereed vir die Woord? Wil hulle luister na wat die Here vir hulle sê? Hoewel net God wedergeboorte, bekering en goeie, eerlike harte kan gee, bly dit die mens se verantwoordelikheid om hierdie dinge by die Here te vra wanneer ons self na die Woord luister of wanneer ons van die Woord aan ander mense vertel.

Laat ons vervolgens in die voetspoor van ons belydenis in artikel 9 na die eerste drie reaksies op die Woord van die Here kyk. Eers die mens met die harde, ongevoelige hart. 'n Deel van die saad het op die pad geval. 'n Grondpaadjie waarop daar dikwels geloop word, raak naderhand so kliphard dat saad wat daarop val nie 'n kans het om te ontkiem nie. Dit kan nie in die grond ingaan nie. Dit bly net bo-op die grond lê en die voëls kom pik dit op.

Daar is mense wat die evangelie van Christus hoor, maar hulle harte is so hard soos 'n deurgetrapte voetpaadjie in die veld. Baie van die Fariseërs en skrifgeleerdes se harte was so hard. In hulle gedagtes het hulle vir hulleself 'n deeglike manier van verlossing uitgewerk gehad. Jy moet net die wet tot op die letter nakom, dan kan God nie anders nie as om jou aan te neem en in sy koninkryk toe te laat nie. Hulle uitgewerkte stelsel van moets en moenies was na hulle mening 'n beproefde manier van verlossing, daarom het hulle nie die nodigheid ingesien om in Jesus Christus te glo nie. Die evangelie wat Hy verkondig het, het teen hulle grein ingegaan en baie van hulle gesien dat Jesus net hulle koninkrykie gaan omvergooi. Daarom het hulle alles in die stryd gewerp om van Hom ontslae te raak.

Daar is vandag steeds mense wat hulleself so oorgee aan allerhande menslik logiese

verklarings in die skepping dat hulle harte heeltemal kliphard geword het. Van erkenning van hulle eie swakheid en ellende wil hulle niks weet nie. Die mens is dan besig om op elke wetenskaplike terrein soveel vordering te maak dat hy nie iemand anders nodig het om sy lewe vir homself voorspoedig en gemaklik te maak nie. Tegnologies het die mens so gevorderd geraak dat hy hom nie sal dood werk nie.

Dit is gewoonlik ook hierdie mense wat ligsinnig oor die duiwel praat asof daar nie so iets is nie, maar dit is juis die duiwel wat hulle dink nie bestaan nie wat die saad van die evangelie by hulle wegneem sodat hulle nie tot geloof kom nie. In die hardheid van hulle harte sien hulle nie in hoekom dit nodig is om na die Here te luister nie. Omdat gelowiges die almag van God ken, kan hulle aanhou bid dat die Here daardie klipharde harte sal oopbreek met die ploeg van beproewing sodat ook daardie mense die evangelie kan ontvang en uit die dood van die sonde opgewek word in die nuwe lewe van die geloof.

Die tweede groep mense van wie Jesus praat is die impulsiewe hoorders. Dit is die deel van die saad wat op die klipbank geval het waar die grond baie vlak was. In die dun laagie grond bo-op die klipbank het die saad ontkiem en opgekom. Dit het egter gou verdroog onder die warm son omdat die wortels nie deur die klipbank kon dring om vog te kry nie.

Hierdie impulsiewe hoorders neem die evangelie sommer dadelik aan wanneer hulle dit hoor. Miskien het hierdie mens gehoor dat wanneer jy in Jesus glo al jou probleme sommer soos mis voor die son gaan verdwyn. Emosioneel het hy op die evangelie gereageer. Hy het die Woord met blydschap aangeneem. Aanvanklik lyk dit of so 'n mens regtig ywer om die Here te dien. En dit lyk ook of hy vinnig in sy geloof groei. Maar dan breek die tyd van beproewing aan waarin die Here die egtheid van sy geloof toets. Omdat sy besluit meer op emosies gegrond was as op die waarheid van die Here se Woord, verdwyn sy geloof net so vinnig as wat dit begin het. So 'n mens het homself nie verdiep in die waarheid van die Here se Woord nie. Daarom het hy onder die toets geswig en opgehou glo.

Wanneer gelowiges mense vertel van die evangelie van Christus, moet hulle nie 'n prentjie van maanskyn en rose teken nie. Dit is waar dat God al 'n mens se sondes vergewe wanneer jy jou vertrou in Christus alleen stel. Dit is ook waar dat 'n mens uit die Woord wysheid kan kry om elke probleem in die lewe te hanteer. Maar dit is nie waar dat God alle probleme in 'n oogwink wegneem nie. Die Christelike lewe is 'n stryd om in die geloof te bly. En alhoewel die oorwinning deur Christus op Golgota verseker is, bly die veldslae vir die gelowiges in hierdie lewe nog ewig. Gelowiges doen mense nie 'n guns om net van die mooi van die geloof te vertel en niks van die deel oor daaglikse kruis dra nie.

Die derde groep hoorders is die mense met verdeelde harte. 'n Deel van die saad het tussen die dorings geval en dit het 'n bietjie langer gehou as die saad wat op die klipbank geval het. Maar mettertyd het die dorings die groei van daardie saad gestuit. Jesus sê dat die mense die Woord hoor, maar die sorg, rykdom en genieting van hierdie wêreld verstik die Woord so dat daar geen vrugte in hierdie mense se lewens is nie.

Van hierdie drie groepe hoorders kry 'n mens seker die meeste van die derde groep in die kerk van die Here. Dit is die mens wat sy geloof in Jesus Christus bely, maar sy hart is verdeeld. Sy hart word ook deur die dinge van die wêreld aangetrek en baie maal wen die wêreldse dinge eerder as die Woord van die Here. So 'n mens se hart is nie daarop gefokus om eerste die dinge van God se koninkryk en sy geregtigheid te soek nie. Die sorg van hierdie wêreld en die rykdom wat hy hier kan kry, laat hom maklik vergeet van die belangrikheid van die Woord van die Here.

Die Here verbied nie rykdom of plesier in die lewe nie, maar Hy waarsku ernstig teen 'n lewe wat net op rykdom en plesier gefokus is. So 'n mens se aandag is so verdeeld dat hy nie behoorlik onderlê word in die Woord van die Here nie. Daarom kry die wêreldse dinge dikwels die oorhand in sy lewe en op die ou end is hy brandarm al het hy miskien al die rykdom wat hy in hierdie wêreld kon bymekaarmaak. Selfs ware gelowiges moet maar voortdurend die onkruid van gierigheid en wellus uit hulle harte uitroei. Ware gelowiges is immers nog sondaars wat deur die wêreldse dinge gelok sal word om van die Woord af te sien. Kyk net hoe maklik het dit met die gelowige Asaf gebeur. Hy vertel ons daarvan in Psalm 73.

Geliefdes, die feit dat baie van ons nog steeds luister na die Woord van die Here omdat ons op die roepstem van die Here gereageer het en na Hom toe gekom het, sê nie dat ons nie ernstig na hierdie gelykenis moet luister nie. Alhoewel hierdie gelykenis vir gelowiges 'n bemoediging is, bly dit ook vir hulle 'n waarskuwende Woord. Ware gelowiges is nog nie volmaak nie, daarom is elke verkondiging en lees van die Woord weer die roepstem van God vir hulle.

Daarom moet ons onself voortdurend afvra: Het die Woord van my af weggeskiet soos die saad wat op die harde grond in die pad geval het? Het die Woord in my wortel geskiet omdat ek my daarin verdiep sodat ek in swaar tye ook nog in die geloof kan volhard? Het die wêreldse dinge vir my belangriker geword as die Woord van die Here en my verhouding met Hom? Ons moet aanhoudend hierdie vrae vra sodat ons ons harte verantwoordelik kan voorberei vir die Woord en sodat die jong gelowiges kan sien watter erns 'n mens maak om vrugte tot eer van God te dra.

Amen!

Slotgebed

Psalm 146:2, 3 (p. 700)

- 2 Moet op prinse nie vertrou nie, / by wie niemand heil kan vind –
op die mens jou hoop nie bou nie; / want as God hul gees ontbind,
keer hul na die aarde weer / en hul raadslag stort terneer.
- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag / op die HERE^calleen bly wag.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
20 Maart 2016